

Nuus24.com Tuis | E-pos | Blogs | Albums | Snuffelgids | 24.com Webtuistes ▾

Jobs | Property | Cars

**Beeld**  **Aarto werk net in lande met dissipline**  
In lande soos Australië en Brittanje waar mense effens meer gedissiplineerd optree, sal so 'n stelsel werk.

 **Dié nuwe 'boytjie' is allermins groen**  
'New Kid on the Bok!' Dit sien jy eerste wanneer die hysbak by die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (Saru) se kantore in Nuweland oopgaan.

Soek Argiewe Beeld op jou selfoon [m.Beeld.com](#)

Nuus | Sport | Sake24 | Opinie | MyBeeld | Multimedia | Bylaes | Koerante | Fotokompetisies

Suid-Afrika | Wêreld | Vermaak en Kuns | In-Diepte

## 'n Kop vir sterre, maar hy draf landmyne klik-klik kaf

Susan Cilliers - 22 Oct 2010

Potchefstroom. – Sy kop staan sterre toe, maar mnr. Bertie Seyffert (23) kan saam met die bestes ter wêreld praat wanneer hy versteekte landmyne soek.

Dié fisika-student op die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus het pas van München, Duitsland, teruggekeer waar hy aan die internasionale *Minesweeper*-kampioenskapstoernooi deelgeneem het.

Die doel in dié rekenaarspeletjie is om landmyne op 'n bord met blokke te vind. Hoe gouer die speler dit regkry sonder om op 'n landmyn te "trap", hoe beter presteer hy.

Seyffert het die sesde plek tussen sowat 22 deelnemers van agt lande losgegrawe.

Hy kan 'n landmynbord van 30 x 16-blokke waarin 99 landmyne versteek is, in 45,81 sek. ontrafel.

Dis die mees gevorderde vlak van die spel. Daar is ook kleiner borde waarop gespeel kan word.



Seyffert, wat reeds op laerskool deur die *Minesweeper*-gogga gebyt is, mik daarna om die gevorderde spel in minder as 40 sek. kaf te draf. Dan sal hy werklik een van die bestes ter wêreld wees, het hy gister gedroom.

Seyffert het vertel dié rekenaarspeletjie is allesbehalwe iets wat hy bleeksielagtig en alleen voor sy rekenaar doen. "Daar is 'n wêreldwye *Minesweeper*-gemeenskap."

Hulle gesels op die webwerf [www.minesweeper.info](http://www.minesweeper.info) sosiaal en oor die fynste tegniese besonderhede van die spel.

Die NWU-Pukke het Seyffert vir die toernooi in München geborg.

Hy speel saans tussen 1½ uur en 3 uur lank *Minesweeper*.

Soos in enige "sport" kan 'n mens beserings opdoen – in dié geval 'n gewrigsbesering omdat jy in die spel tot vier keer per sekonde op die muis klik.

"Van die spelers moes al weens dié besering aftree. Ek voorkom dit deur 'n boek onder my arm te sit sodat my gewrig reguit bly."

Volgens hom is daar nie juis 'n aktiewe *Minesweeper*-gemeenskap in Suid-Afrika nie.

Die spel is 'n heerlike, "onverwagse" manier om wiskunde te gebruik om die landmyne deur middel van 'n proses van logika en uitskakeling te vind, sê hy.

Hy is besig met sy meestersgraadstudie in astrofisika (die fisika van sterre).

"Ek sal graag eendag navorsing in planetêre fisika wil doen wat oor die ontwikkeling van onder meer sonne handel."